

AUGUSTUS 2026

# UITREIKE NUUSBRIEF

## IN DIE UITGAWE:


UITSTUURSONDAG 1

LOERIESFONTEIN 2-3

VOORBEREIDINGS 3

MSINGA 4


## UITSTUURSONDAG VIR DIE LIDMAATUITREIKE JUNIE/JULIE






Lidmaatuitreikspanne word uitgestuur deur Ds. Mizelle Prinsloo tydens die 21 Junie erediens.

Ons was bevoorreg om hierdie wintervakansie twee lidmaatuitreike te hou.

Die lidmate het gereis na Loeriesfontein en Msinga.

Soveel ander lidmate het gehelp - gebrei, klere en ander middele geskenk. Ons is dankbaar dat ons met VOL KOFFERS kon gaan uitreik en diegene seën met wat saam geneem was.

Dankie vir almal se gebede wat gedurende die vakansie besig was met die groot Koninkrykswerk.

End Junie was ons ook bevoorreg om na Dr. Daniël Shayesteh te luister. Hy was voorheen 'n radikale M*slem. Dit was insiggewend hoe hy eenvoudige Christen beginsels, (wat ons as vanselfsprekend aanvaar) ongelooflik gevind het. Dit het 'n baie groot rol in sy bekering gespeel.

Tot vandag toe is hy wêreldwyd, 'n spreker, om die goeie nuus te help versprei.

Daar is geleentheid om by die Bo-Kaap gebedstap op **7 November** aan te sluit en by die Spes Bona uitreik op **21 November.** Wanneer mens by die program inskakel is daar onmiddelik 'n perspektief verandering.

> Laat die verlede oor aan die genade van God, die hede aan sy liefde,
>
> en die toekoms aan sy voorsienigheid.

**Foto v.l.n.r:**
Brian van der Merwe, Dr. Daniël Sheyesteh, Almo Bouwer, Ds. Leon Tait.

**Agter:**
Mathilda Diedericks & André van der Westhuizen



# LOERIESFONTEIN—BOK (MARTIN) SLABBER

**Ons het so paar getuienisse ontvang vanuit die uitreik en deel dit graag met julle.**

*Mareli Benson*

Voor die uitreik was my gebed dat ek vir hierdie week Jesus se hande en voete kon wees — vir elkeen van die handwerkvroue van Loeries, maar ook vir ons span.

Ek het gegaan met die begeerte om liefde, hoop en omgee uit te deel, maar ek het teruggekom met my eie hart vol en oorlopend. Dit wat ek vir God gevra het om my te help gee, het Hy nie net deur my aan ander gegee nie — Hy het dit sommer ook in oorvloed vir my teruggegee.

Die liefde, warmte en dankbaarheid wat ek by die vroue van Loeries beleef het, sal my nog lank bybly. Dit was vir my 'n groot voorreg om deel te kon wees van hierdie besondere hoofstuk in Bergsig se uitreikverhaal.

Baie dankie vir elkeen wat 'n hekelpen, breipen, bolletjie wol, stukkie lap of gebed bygedra het. Elke klein bydrae het 'n groot verskil gemaak, en die dames van Loeries is opreg dankbaar

*Karin Bosman*

Wat 'n vooreg was dit om as 'n ¾ gesin op die Loeriesfontein uitreik te gaan!

Dankie Bergsig vir die geleentheid en dankie vir elkeen se ondersteuning, gebede en al die skenkings.

Ons het weereens met groot deernis die Rooiblok besoek en heerlik gekuier by Huis Boesmanland. Ons besoeke aan die kliniek, hospitaal & SAPD was met dankbare harte ontvang.

Die klere verkope was só 'n groot lekkerte - om te sien hoe breed die gemeenskap glimlag oor hul winskopies.

Loeriesfontein is harde werk - fisies & emosioneel, maar so 'n groot voorreg en verrykend!



*Foto: Winskopies*

*Cody Mclean*

Die mense in Loeriesfontein is 'n mooi voorbeeld van hoe ons heeltemal met alles op die Here kan vertrou en dat Hy altyd met ons is. Die harte van Loeriesfontein se mense getuig van dankbaarheid, vriendelikheid en verwelkoming. Al het baie mense gepraat oor hulle seer en swaarkry, is hulle altyd dankbaar dat die Here hulle nog 'n aand gespaar het. Dit is die mooi van die Here ten volle te vertrou.



*Breë glimlaggies vertel 'n storie*



**Foto:**

Ons kuier by Huis Boesmanland, waar Dirk Bosman die inwoners bederf met musiek en sang. Dit was so gewild dat die inwoners hom versoek het om 'n tweede middag weer op te tree.



**Foto:**

Die mini basaar en klere verkoping – baie dankie Durbanville Bergsig gemeente vir alle skenkings wat ons ontvang het. Daar was 'n fenominale verskeidenheid van klere vir oud en jonk. Die kos wat ons daar verkoop het, was feitlik alles geborg, soveel so dat poeding, jaffels en 2 pannekoeke vir slegs R5.00 verkoop is. Laasgenoemde het natuurlik gevlieg of soos die spreekwoord sê, dit het soos soetkoek verkoop.



**Foto:**

Die bybelstudie groep van die blok – dit het ontstaan na ons tweede jaar se besoek, waar hierdie dames die begeerte gehad het om nie net met brei en hekel werk bymekaar te kom nie, maar juis om saam bybelstudie te hou. Die groep vergader weekliks en bedien dan weer hul gemeenskap onder leiding van Annemaré Visser. Ons het die dames bederf met 'n heelike soet goed by die nuwe plaaslike koffiewinkel – "Die Padstal" – die produkte asook die gebak word voorsien vanuit die Loeriesfontein se plaaslike gemeenskap.

**Wietche Fourie**

Sak en pak, met drie waentjies, een groot waentjie en karre vol gelaai met God se genadige voorsiening het ons die pad Loeries toe aangepak. In ons voorbereiding het ons baie ure by God spandeer om te hoor wat Hy reeds daar doen en waarmee ons kan help en waarby ons kan inval. Die optog het nie sonder voorval verloop nie, maar uiteindelik teen Sondagaand was ons almal veilig in die kamp.

Die werk wat Jesus vir ons gehad het en die toerusting van die Heilige Gees om dit te kan doen, was baie. Daar is nog werk wat ons agtergelaat het, vir 'n volgende keer, maar die gemeenskap se oorweldegende dankbaarheid was tasbaar. Die brue wat gebou is in die gemeenskap oor vier jaar, is nou besig om gebruik te word deur Loeries om bymekaar uit te kom. Daarmee saam vorm al die tuisbesoeke, wyksbesoeke, fisiese werk by Huis Boesmanland, kekrkantoor en Kerksaal, kinderbediening, bemagting deur aanleer van brei, kralewerk en hekel 'n volledige prentjie van liefde en omgee vir die gemeenskap. Bo alles is ek die dankbaarste oor die span.

Die span het so mooi gegroei. Dit was heerlik om hulle te sien groei en hoe hulle met geloofsvertroue, sterker en sterker geword het in hul uitvoering van die werk van Jesus. Hoe elke spanlid, van jonk tot oud deel geneem het aan al die aktiwiteite. Dit is voorwaar 'n familie inreik, waar tot die kinders vir Jesus beter leer ken het en God se nabyheid kon beleef het. Hulle kon ook die werking van die Gees in en deur hulle beleef en kan hul eie verhale oor God se voorsiening vertel.

Soli Dei Gloria, aan God alleen die eer. Dankie vir elke gebed en geskenk en ondersteuning en dankie vir elke voetspoor van liefde wat agter gelaat is in Loeriesfontein waarmee Jesus verder kan werk.



**Die Loeriesfonteinspan**

*Agter:*

Dirk Bosman, Werner en Annalize Willemse, Niel Kotze, Leon Tait, Juan Benson, Cody McLean, Wietsche en Elaine Fourie, Bok en Mel Slabber, Annamé Muller,
Johan en Marie Wilsch

*Middel:*

Gizela Willemse, Stephan Tait, Monique Tait, Lizzy Benson, Nicholas Slabber, Michael Benson, Irené Willemse, Marita Bosman

*Voor:*

Dirkie du Plessis, Karin Bosman, Mareli Benson, Thys Benson en Ané Steenkamp




# VOORBEREIDINGS & SKENKINGS DEUR BAIE

Dankie aan 'n gemeente wat die lidmate wat uitreik, gehelp het op die manier wat hulle kon.

Tydens die uitstuurdiens het elke lidmaat 'n geel wolletjie ontvang wat om ons arms vasgebind was. Ds. Mizelle het die beeld daaraan gekoppel dat selfs die wat tuisbly 'n bydrae kan maak vanuit die posisie en fase wat hul op daardie stadium beleef. Daar was baie wat bid, ander gee donasies of geld of hul tyd. Ons is uiters dankbaar.

Die Here seën ons, dat ons weer ander kan seën. Ons prys die Here as Bergsig gemeente hiervoor en dank Hom saam dat die ingesteldheid van ons lidmate tot voordeel is van vele ander.

**Fotos: Bydraes word afgelewer en aangery**



**Foto:** Dit het net weer vir ons duidelik geword, dat die kinders wil speel en nog meer speel. Die weersomstandighede was baie gunstig gewees en hul kon heerlik in die mooi veilige omgewing speel.








*'n Magdom musse, breiblokkies en klere kon versprei word.*

# MSINGA TIENERUITREIK - PIETER TRUTER



Die Msinga uitreikspan het voor hulle vertrek het om te gaan bedien omtrent klere en ander items uitsorteer.







Hordes broodjies word elke dag gesmeer om die magies te vul.



Die Msinga span het van 28 Junie tot 10 Julie 2026 die voorreg gehad om weer uit te reik na die VGK-Gemeente in Keate's Drift in die Msinga-gebied.

Ons het by 'n kinderhuis in Greytown tuisgegaan en elke dag na Keate's Drift gereis, waar ons saam die kerk en gemeenskap bedien het.

Ons span het bestaan uit 22 mense – 6 volwassenes en 16 tieners – afkomstig uit Durbanville, Struisbaai en Greytown.

Dit was besonders om te sien hoe mense uit verskillende gemeenskappe, kulture en wêreldbeskouings saamgespan het met een doel: om God se liefde prakties uit te leef en 'n verskil in die lewens van ander te maak.

Ons bediening het verskillende ouderdomsgroepe en behoeftes aangespreek. Met die jonger kinders het ons poppekas aangebied en kreatiewe aktiwiteite soos kuns en handwerk gedoen. Die tieners het deelgeneem aan Bybelstudies en 'n kuierprogram waar daar ruimte was vir gesprekke, verhoudingsbou en om saam pret te hê. Ons het ook huis- en buiteposbesoeke gedoen, waar ons mense van die gemeenskap kon besoek wat nie gereeld by die kerk kan uitkom nie. Dit was 'n voorreg om saam met hulle te kon bid, hulle bemoedig en die Woord deel.

'n Spesiale hoogtepunt van hierdie jaar se uitreik was om duidelik te kon sien dat daar vrug is van die uitreike van vorige jare. Die verhoudings wat oor tyd opgebou is, het gegroei en ons kon sien hoe die Here deur volgehoue betrokkenheid en getrouheid 'n verskil in mense se lewens maak. Dit was vir ons 'n groot bemoediging en herinnering dat die impak van 'n uitreik dikwels lank voortduur nadat 'n span weer huistoe is.



**Foto bo:**
Dian Keyter - ons gemeentejaarstudent het die voorreg om te preek by die plaaslike gemeente. Bergsig is dankbaar dat Dian hierdie belewenis kon ervaar saam met die res van die tieners.





Ons is dankbaar vir elke persoon wat deel gevorm het van hierdie jaar se uitreik en vir die geleenthede wat God vir ons gegee het om te dien. Ons bid dat die saad wat geplant is, sal voortgaan om vrug te dra in die Msinga-gemeenskap.

**www.bergsigdv.co.za**

**uitreike@bergsigdv.co.za**